



**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE
VIRTUEEL GEHOU OP WOENSDAG, 15 JULIE 2020 OM 10:00**

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, raadsheer T van Essen (voorsitter)

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl P E Solomons

Rdl O M Stemele

Raadsheer R F van der Westhuizen

Raadsdame M van Zyl

Ander raadslede:

Die Speaker, rdl M A Rangasamy

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz

Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann

Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton

Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger

Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche

Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit

Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys

Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdh R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan die Uitvoerende Onderburgemeester, rdd M S I Goliath.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-
VERGADERING GEHOU OP 19 JUNIE 2020**

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 19 Junie 2020 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

**4.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-
VERGADERING GEHOU OP 24 JUNIE 2020**

BESLUIT

Dat die notule van 'n Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 24 Junie 2020 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.3 NOTULE VAN 'N SPESIALE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 30 JUNIE 2020

BESLUIT

Dat die notule van 'n Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 30 Junie 2020 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

5.1 NOTULE VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 19 JUNIE 2020

5.1.1 ITEM 7.20: AFSKRYWING VAN ONINBARE EN ANDER SKULDE: BEDRAG WERKLIK AFGESKRYF (5/7/3)

Na afloop van die goedkeuring vir die afskryf van oninbare en ander skulde deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 19 Junie 2020 het verdere prosesse gevolg wat ook by die afskrywings ingesluit moet word, onder andere, sosio-ekonomiese ondersoeke. Die aangehegte skedules bevat dus die werklike bedrae wat afgeskryf is.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word dat die bedrae wat werklik afgeskryf is ten opsigte van deernishuishoudings R1 236 951.10 beloop en ten opsigte van ander oninvorderbare skulde R483 940.04 beloop;
- (b) Dat kennis geneem word dat Swartland Munisipaliteit die reg voorbehou om enige bedrag wat afgeskryf is, weer terug te skryf na die betrokke debiteur en alle nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat:
 - (i) 'n huishouding nie aan die deerniskriteria voldoen het nie (soos bepaal in Hoofstuk 7 van die Deernisbeleid); of
 - (ii) 'n gedeelte van die skuld of die totale skuld van 'n debiteur nie korrek sou wees nie; of
 - (iii) enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee bekend was, wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie;
- (c) Dat kennis geneem word dat indien 'n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, Swartland Munisipaliteit die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. 'n Register is by die Eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word.

6. MAANDVERSLAG: MEI 2020

[Nota: Die prestasie- en finansiële inligting t.o.v. Kwartaal 4 word ingesluit in die artikel 52 MFMA-verslag wat op 30 Julie 2020 aan die Raad voorgelê sal word, vandaar die voorlegging van slegs addisionele verslae soos van toepassing op die betrokke direktorate.]

6.1 DIREKTORAAT: SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direkoraat Siviele Ingenieursdienste ten opsigte van Mei 2020.

6.2 DIREKTORAAT: ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/2/2/2-6)

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direkoraat Elektriese Ingenieursdienste ten opsigte van Mei 2020.

6.3 DIREKTORAAT: ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-2)

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direkoraat Ontwikkelingsdienste ten opsigte van Mei 2020.

6.4 DIREKTORAAT: BESKERMINGSDIENSTE

6.4.1 VERKEERS- EN WETSTOEPASSINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)

6.4.2 BRANDWEERDIENSTE (7/1/2/2-3)

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direkoraat Beskermingsdienste ten opsigte van Mei 2020.

7. NUWE SAKE

7.1 SWARTLAND COVID-19 REAKSIEPLAN (17/5/1/1)

Die Swartland COVID-19 Reaksieplan is 'n uitvloeisel van die COVID-19 plan wat deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee as deel van die Rampbestuursplan op 19 Junie 2020 goeagekeur is.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die Swartland COVID-19 Hotspot Response Plan, met spesifieke verwysing na die intervensies om die COVID-19 pandemie in te perk;
- (b) Dat die Burgemeesterskomitee die **Swartland COVID-19 Hotspot Response Plan** goedkeur, onderhewig daaraan dat:
 - (i) Alhoewel die plan as 'n **aktiewe** dokument beskou word, dit met die nuutste inligting soos op 15 Julie 2020 opgedateer word;
 - (ii) Items 13 en 14 van die nagaanlys spesifiek verwys na Swartland Munisipaliteit, aangesien die Munisipaliteit nie die jurisdiksie het om die regulasies in enige ander werkplek af te dwing nie;
- (c) Dat die volgende aspekte aandag geniet om die intervensies van die COVID-19 Hotspot Response Plan te ondersteun:
 - (i) Verskerpte kommunikasie deur middel van sosiale media, sowel as die gebruik van 'n megafoon om bewusmakingsboodskappe in die hotspots uit te saai – 'n boodskap in drie landstale is reeds vir hierdie doeleindes beskikbaar;
 - (ii) Wyksraadslede om hulp te verleen om inwoners te motiveer om van die kwarantyn fasiliteite gebruik te maak, naamlik Almond Bridge en Goedgeacht;;
 - (iii) Uitklaring te verkry rakende die aankoop van die spuitpomp om ontsmettingsveldtogte in die hotspots te onderneem;
 - (iv) Die **ontsmetting van munisipale woonstelle** op 'n gereelde basis;
- (d) Dat kennis geneem word dat die uitgawes verbonde aan die COVID-19 pandemie reeds bykans R73 miljoen beloop.

7.2 MOONTLIKE VERKOOP VAN "VAN ESSCHE" SKILDERY (6/1/4)

Die Munisipaliteit beskik oor 'n oorspronklike Van Essche-skildery in olie (groot 88 cm x 117 cm) wat etlike jare terug aan die Munisipaliteit geskenk is en in die Malmesbury biblioteek gehang het.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste noem dat na aanleiding van ondersoeke die Munisipaliteit baie meer kan kry as die skildery met die hulp van 'n kunshandelaar-/agentskap verkoop word.

Besluit/...

7.2/...

BESLUIT

- (a) Dat die skildery, weens die impak van die COVID-19 pandemie op die ekonomie, nie op hierdie stadium te koop aangebied word nie;
- (b) Dat die skildery in die Munisipaliteit se bateregister opgeneem word;
- (c) Dat, indien die skildery op 'n latere stadium uit die hand uit verkoop word, 'n gedeelte van die opbrengs gebruik word om 'n foto-replika op doek daarvan te maak en te vertoon in die Malmesbury biblioteek.

7.3 JAARVERSLAG INSAKE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENING-KANAALBESTUURSBELEID VIR DIE FINANSIËLE JAAR EINDIGEND 30 JUNIE 2020 (8/1/B/2)

Regulasie 6(2)(a)(i) van die *Municipal Supply Chain Management Regulations* bepaal dat daar jaarliks 'n verslag aan die Raad voorgelê moet word aangaande die implementering van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid.

Die jaarverslag vir die periode 1 Julie 2019 tot 30 Junie 2020 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad op 30 Julie 2020)

- (a) Dat kennis geneem word van die jaarverslag insake die implementering van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid gedurende die 2019/2020 finansiële jaar ingevolge artikel 6(2)(a)(i) van die Regulasies, asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C);
- (b) Dat verder kennis geneem word van die dienste gelewer vir die tydperk 1 April 2020 tot 30 Junie 2020 met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties was om die mark te toets en dus 'n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid genoodsaak het (Aanhangsel D). Kennis moet geneem word dat betalings nog in die 2019/2020 finansiële jaar gefinaliseer moet word en sal enige verskille ten opsigte van Kwartaal 4 ingevolge wetgewing in die volgende kwartaalverslag vermeld word, onderhewig aan die transaksies/syfers wat die volledigheid van die finansiële state mag beïnvloed;
- (c) Dat kennis geneem word van die nooduitgawes met betrekking tot die COVID-19 pandemie wat aangegaan is onder die drempelwaarde van R30 000 'n bedrag van R77 526.86 beloop vir die periode 1 April 2020 tot 30 Junie 2020.

7.4 UITSTAANDE DEBITEURE: JUNIE 2020 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

Die voorsitter bedank die inwoners van die Swartland munisipale area wat – onder moeilike omstandighede weens die negatiewe ekonomiese impak van die die COVID-19 pandemie – voortgaan om hul munisipale diensterekeninge te betaal.

BESLUIT dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Junie 2020.

7.5 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

Die voorsitter versoek dat 'n ondersoek gedoen word om munisipale bates op so 'n wyse te merk dat dit maklik geïdentifiseer kan word indien dit gesteel sou word.

7.5/...

BESLUIT dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 30 Junie 2020 soos met die sakelys gesirkuleer.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER